


# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 8/2023
25 Mei 2023

☏ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die Junie-eksamen is om die draai en leerders het volgende Vrydag 'n studiedag. Sterkte aan elke leerder en ouer met die uitdagings van die eksamen, veral met die wintersport wat voortgaan. (Meer inligting rakende die eksamen, asook oefeninge en wedstryde tydens die eksamen volg later in hierdie nuusbrief.)

Terugvoer van ouers is vir ons van onskatbare waarde, daarom wil ek graag elke ouer aanmoedig om die OISESA-vraelys wat van vandag af vir die volgende week beskikbaar sal wees, te voltooi. OISESA is die organisasie wat die kwaliteit van ISASA-skole monitor. Leerders vul ook vandag 'n soortgelyke vraelys in. Beide hierdie vraelyste is anoniem. Ons hoor graag waar ons fouteer en kan verbeter en uit die aard van die saak waar ons u tevrede stel. (Meer besonderhede hieroor asook die skakel na die vraelys verskyn later in hierdie nuusbrief.)

Ek wil die ouers wat op my ondersteuningsforum dien, opnuut bedank. Ons vergader kwartaalliks om skoolverwante sake te bespreek. Die forum bestaan tans uit die volgende lede: Mee Veona Chaithram, Celanchia Froneman, Lungile Langa, mnre Lloyd Cele, Lovers Machogo, ds Christopher Judelsohn, drs Adriette Dekker en Suren Govender.

Voorts doen ek 'n beroep op ouers om ons te ondersteun deur leerders aan te moedig om in die middae betrokke te wees by die skool. Daar is tans te veel leerders wat na skool tussen die klasse rondkuier wat ekstra klasse, mondelinge en kulturele aktiwiteite belemmer. Leerders moet teen 14:15 op die sportveld, in die klas of by kultuuraktiwiteite wees. Leerders is ook welkom om na skool in die mediasentrum, langs die snoepie of by die tafels onder die bome te studeer.

Ek wil vervolgens graad 8- tot 12-ouers na ons volgende Koffie-met-Carel-sessie uitnooi. Gedurende hierdie informele kuier in die College HUB kry ons die geleentheid om mekaar beter te leer ken en oor die dinamiese College-omgewing te gesels. Hierdie kuier is vir Donderdag 8 Junie om 07:30 geskeduleer. Laat weet asseblief voor 5 Junie vir me Debbi Westwood, indien u belangstel om dit by te woon (dwestwood@midstreamcollege.co.za).

## OISESA

Midstream College ondergaan tans 'n selfevalueringsproses onder leiding van OISESA (The Office of Independent Schools Evaluations Southern Africa). Dit behels onder meer die samestelling van 'n omvattende selfstudieverslag deur kritiese besinning. As deel van hierdie proses word meningsopnames gebruik om inligting aan ons te gee, sterkpunte uit te lig en areas van verbetering te identifiseer.

Die skakel https://forms.office.com/r/E0SnPERnp1 neem u na 'n anonieme meningsopname. Hierdie opname sal belangrike inligting met die oog op selfverbetering aan ons verskaf. Dit behoort u minder as 10 minute te neem om die meningsopname te voltooi. Ons sal u insette opreg waardeer. Baie dankie vir u bereidwilligheid om hieraan deel te neem.

# AKADEMIE

## 2022-MATRIEKSERTIFIKATE

Die 2022-matrieksertifikate is beskikbaar en kan van 07:00 tot 15:00 by die skoolkantoor afgehaal word.

## JUNIE-EKSAMENREËLINGS

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Leerders moet 30 minute voor die aanvang van die sessie reeds by die eksamenlokaal wees.
- Gewone skoolreëls (wat voorkoms insluit) is van toepassing vir die duur van die eksamen.
- Gedurende die eksamen mag leerders óf die volle wintersuniform óf die volle skoolsweetpak dra.
- Slegs in geval van ernstige siekte kan leerders van ‘n vraestel verskoon word. ‘n **Mediese sertifikaat** moet so spoedig moontlik daarna aan die hoof van akademie, mnr Leonard Swart gestuur word (lswart@midstreamcollege.co.za).
- Leerders mag nie die volgende by hulle hê nie: notas, ‘n selfoon of ‘n slimhorlosie.
- Leerders het toestemming om vir die duur van die eksamen tuis te studeer. Hulle hoef net skool toe te kom wanneer hulle ‘n vraestel skryf. As u egter sou verkies dat u kind by die skool studeer, is hulle welkom om by die biblioteek aan te meld.

Baie sterkte met die eksamen.

# KULTUUR

## PRETORIA PUBLIC SPEAKING FESTIVAL

Baie geluk aan al ons leerders wat verlede week aan die Pretoria Public Speaking Festival deelgeneem het. Welgedaan aan die volgende leerders:

| Leerder | Afdeling | Plek |
|---|---|---|
| Reuben Blom | Junior Individual | 4de |
| Kelsie Moses | Junior Individual | 8ste |

| Leerder | Afdeling | Plek |
|---|---|---|
| Lisa Strauss, Caitlin Arendse, Lisa Rautenbach & Adam Marincowitz | Grade 8 team | 3de |
| Kashvi Chathury, Jadyn Murugas, Lené Liebenberg & Mandisa Molebatsi | Grade 9 team | 3de |

## ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die volgende 12 sprekers wat na die ATKV-redenaars se semifinaal deurgedring het wat môre by Menlopark plaasvind:

| Leerder | Graad | Afdeling | |
|---|---|---|---|
| Adam Marincowitz | 8 | Addisionele Taal | Voorbereid |
| Ivan Kymdell | 8 | Huistaal | Voorbereid |
| Lisa Rautenbach | 8 | Huistaal | Onvoorbereid |
| Lukas Combrinck | 8 | Huistaal | Voorbereid |
| Lené Liebenberg | 9 | Huistaal | Onvoorbereid |
| Lin-Mari Rudolph | 9 | Huistaal | Onvoorbereid |
| Alexander Brits | 10 | Addisionele Taal | Voorbereid |
| Katinka Rhoodie | 10 | Huistaal | Voorbereid |
| Tiana Swart | 10 | Huistaal | Voorbereid |
| Sedibana Ngoasheng | 11 | Addisionele Taal | Voorbereid |
| Ilana Moolman | 12 | Huistaal | Voorbereid |
| Maserati Mabase | 12 | Addisionele Taal | Voorbereid |

## MELODIA

Op Donderdag 18 Mei het Melodia vir die eerste keer aan die ATKV-Applous-kompetisie deelgeneem. Ons het aan die nie-mededingende afdeling deelgeneem en uitstekende kommentaar van die beoordelaars ontvang. Die vyf beoordelaars het eenparig aanbeveel dat ons in 2024 aan die mededingende meriete-afdeling deelneem. Melodia se laaste optrede vir die kwartaal is op 3 Junie waar ons aan die Kraal Kunstefees in die kompeterende afdeling gaan deelneem.

## ENSEMBLE

Die Midstream College ensemble het aan die Pretoria Eisteddfod deelgeneem, hul eerste kompetisie vir die jaar. Die ensemble het van 12 leerders verlede jaar tot 23 leerders gegroei. Hulle het baie goed gevaar en 'n B+ ontvang. Ons sien uit na nog 'n paar kompetisies hierdie jaar.

# SPORT

## ALGEMEEN

Ons is besonder trots op hoe goed ons leerders op verskeie sportterreine presteer. Dankie ook aan elke ouer vir u ondersteuning – die tyd, motivering en moeite wat u insit gaan nie ongesiens verby nie en dra beslis by tot ons groei en prestasies!

Ouers moet kennis neem dat ons wel enkele sportligas tydens die Junie-eksamen moet afhandel en ons vra u goedgesinde hulp om die leerders te ondersteun dat hulle beide hul akademiese- en sportverantwoordelikhede kan nakom:

| Datum | Aktiwiteit 1 | Aktiwiteit 2 | Aktiwiteit 3 |
|---|---|---|---|
| Vr.<br>2 Junie | Meisieshokkie Oos Moot<br>(tuis) | | |
| Sa.<br>3 Junie | Meisieshokkie Oos Moot<br>(tuis) | Ruitersport Q4<br>(Eaton) | Rugby Pretoria-Noord<br>(tuis) |
| Sa.<br>10 Junie | Netbaluitspele<br>(Curro Hazeldean) | Meisieshokkie A & B<br>Uitspeelwedstryde | Rugby Wonderboom<br>(weg) |
| Do.<br>15 Junie | Muurbal Top Schools<br>(Pretoria Country Club) | | |
| Vr.<br>16 Junie | Muurbal Top Schools<br>(Pretoria Country Club) | Meisieshokkie A & B<br>Uitspeelwedstryde | |
| Sa.<br>17 Junie | Muurbal Top Schools<br>(Pretoria Country Club) | Meisieshokkie A & B<br>Uitspeelwedstryde | |
| Wo.<br>21 Junie | Rugby Blou Bulle Semifinaal | | |

## LANDLOOP

Die volgende atlete het verlede Vrydag aan die liga by Eldoraigne deelgeneem en as volg geëindig:

| Afdeling | Atleet | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 14 | Carmia van den Berg | 13$^{de}$ |
| Meisies o. 14 | Caitlin Arendse | 14$^{de}$ |
| Meisies o. 16 | Jané Male | 7$^{de}$ |
| Junior Dames | Sabine von Westernhagen | 2$^{de}$ |
| Seuns o. 14 | Rupert Groenewald | 2$^{de}$ |
| Seuns o. 15 | Waldo Breytenbach | 16$^{de}$ |
| Seuns o. 17 | Juan Breytenbach | 4$^{de}$ |
| Junior Mans | Eben de Wit | 8$^{ste}$ |

Die spanuitslae van die aflosbyeenkoms te Menlopark is as volg:

<table>
<tr><th>Span</th><th>Opponente</th><th>Plek</th></tr>
<tr><td>Junior Meisies</td><td rowspan="4">23 skole vanuit Gauteng, Rustenburg, Nelspruit, Potchefstroom en Secunda</td><td>15$^{de}$</td></tr>
<tr><td>Senior Meisies</td><td>10$^{de}$</td></tr>
<tr><td>Junior Seuns</td><td>7$^{de}$</td></tr>
<tr><td>Senior Seuns</td><td>6$^{de}$</td></tr>
</table>

## SKAAK

Twee spanne het die afgelope naweek aan die bekende Arnold Classic-spankompetisie deelgeneem en besonder goed gevaar.

| Span | Spanlede | Plek |
|---|---|---|
| Maroen | Shravan Rampersadh, Sauvan Govender, Naradh Telukdarie, Nathaniel van Deventer, Ethan van der Merwe & Gareth Prinsloo | 9de uit 17 spanne |
| Teal | Shayur Vather, Jean Blignaut, Jacques Myburgh, Luke Reyneke, Nico Visser, Arman Bhudai | 1ste uit 17 spanne |

Onlangse spanuitslae:

| Span | Opponente | Uitslag | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| o. 15A | Zwartkop | 4½ – 1½ | Waterkloof | 3 – 3 |
| o. 15B | Centurion Secondary | 4 – 2 | AHS | 2 – 4 |
| o. 17A | Zwartkop | 1 – 5 | Pinnacle College | 5½ – ½ |
| o. 19A | Zwartkop | 4 – 2 | Waterkloof | 2½ – 3½ |

## MUURBAL

Die College het geskiedenis gemaak met 'n rekordgetal van 31 spelers wat aan die Northens Junior Squash Association se geslote kampioenskap deelgeneem het. Deelname aan hierdie toernooi is verpligtend om in aanmerking te kom vir interprovinsiale spanne. Die top-3-uitslae in die onderskeie afdelings was:

| Meisies | | | | Seuns | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ouderdom | Speler | Posisie | | Ouderdom | Speler | Plek |
| o. 14B | Abigail Dean | 3de | | o. 14C | Henry du Preez | 3de |
| o. 14B | Nickezel Grobler | 2de | | o. 14C | Edrique Laubscher | 1ste |
| o. 14B | Kathleen de Kock | 1ste | | o. 14B | Nathaniel van Deventer | 3de |
| o. 14A | Sarah de Villiers | 3de | | o. 16C | Reabetswe Banda | 2de |
| o. 14A | Anushka Janse van Rensburg | 2de | | o. 16B | Gerhard van der Westhuizen | 2de |
| o. 16B | Cassey Kemp | 1ste | | o. 16B | Wian de Bruin | 1ste |
| o. 16A | Elzandri Janse van Rensburg | 1ste | | o. 16A | CA Froneman | 2de |
| o. 19B | Namratha Eswari Niranjan | 2de | | o. 19C | Menelisi Mbatha | 2de |
| o. 19A | Kiara Poole | 3de | | o. 19B | Louis van Wyngaard | 2de |
| o. 19A | Awande Malinga | 1ste | | | | |

Ons is trots om aan te kondig dat 19 van die College se spelers gekies is om die provinsie by die interprovinsiale toernooie van 24 tot 28 Junie 2023 te verteenwoordig:

| Span | MEISIES | SEUNS |
|---|---|---|
| o. 14 | Abigail Dean, Nickezel Grobler, Kaleigh Reddy, Kathleen de Kock, Amelia Lubbe, Sarah de Villiers & Anushka Janse van Rensburg | Martin de Koning & Hayden Davy |

| Span | Meisies | Seuns |
|---|---|---|
| o. 16 | Cassey Kemp & Elzandri Janse van Rensburg | CA Froneman, Wian de Bruin, Aurick Sheosunker, Gerhard van der Westhuizen & Euan Groenewald |
| o. 19 | Kiara Poole & Namratha Eswari Niranjan | Louis van Wyngaard |

## GHOLF

Ons 1ste span het verlede week aan die gesogte Woodlandstoernooi by die Royal Johannesburg en Kensington Golf Club deelgeneem. Die span het goed gevaar en 6de uit 12 skole gekom.

## KRIEKET

Die Midstream Estates *Cricket Smash* vind in Augustus plaas. Dit is 'n toernooi waarby o.12- tot o.15-spelers van Midstream College Primêr, Midstream Ridge Primêr en Midstream College betrokke is. Vier spanne van gemengde ouderdomme sal deur afrigters van die onderskeie skole gekies word en dan aan 'n T20-formaat toernooi deelneem wat onder ligte gespeel sal word. Dit is beslis 'n opwindende toevoeging tot ons sportkalender.

## TENNIS

| Span | Opponente | Uitslag | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| Meisies o. 15A | AHS B | 6 – 1 | | |
| Seuns o. 15A | Menlopark A | 2 – 5 | AHS A | 1 – 6 |
| Meisies o. 15B | Montana B | 49 – 17 | Hatfield A | 34 – 33 |
| Seuns o. 15B | Die Wilgers A | 49 – 19 | | |
| Meisies o. 19A | Curro Hazeldean A | 21 – 46 | | |
| Seuns o. 19A | Menlopark B | 37 – 30 | Zwartkop A | 32 – 35 |
| Seuns o. 19A | Waterkloof C | 43 – 24 | | |
| Seuns o. 19B | AHS E | 46 – 21 | Crawford A | 40 – 28 |

## WINTERSPORT

| NETBAL | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Span | Pretoria-Noord | Prestige | Wonderboom | PHSG | Cornwall Hill |
| o. 14A | 29 – 10 | 24 – 16 | 21 – 8 | 39 – 9 | 17 – 11 |
| o. 14B | 34 – 9 | 35 – 5 | 22 – 8 | 40 – 3 | 23 – 12 |
| o. 14C | 42 – 1 | 22 – 3 | 17 – 7 | 26 – 6 | 13 – 1 |
| o. 14D | | 16 – 5 | 19 – 0 | 23 – 5 | |
| o. 15A | 32 – 14 | 29 – 6 | 19 – 18 | 27 – 4 | 19 – 23 |
| o. 15B | 28 – 4 | 38 – 3 | 17 – 15 | 18 – 3 | 24 – 12 |
| o. 15C | | 11 – 9 | 11 – 3 | | 0 – 15 |
| o. 16A | 34 – 12 | 40 – 11 | 29 – 10 | 45 – 5 | 30 – 8 |
| o. 16B | 40 – 0 | 27 – 5 | 26 – 2 | 39 – 4 | 31 – 4 |
| o. 16C | | | 15 – 6 | 31 – 2 | |
| o. 17A | 26 – 12 | 21 – 4 | 21 – 11 | 20 – 7 | 16 – 8 |
| 2de | 27 – 3 | 28 – 9 | 30 – 15 | 30 – 6 | 19 – 7 |
| 1ste | 34 – 19 | 31 – 28 | 31 – 7 | 29 – 16 | 26 – 27 |

| | MEISIESHOKKIE | | SEUNSHOKKIE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Span | Montana | Water-kloof | Zwartkop | Suther-land | Montana | St. Andrews | Menlo-park |
| o. 14A | 4 – 0 | 0 – 1 | 4 – 0 | 7 – 0 | | | 13 – 0 |
| o. 14B | 4 – 0 | 0 – 0 | 0 – 1 | | | 2 – 3 | |
| o. 14C | | 0 – 2 | 0 – 1 | 1 – 0 | | 0 – 0 | |
| o. 15A | 0 – 0 | 0 – 4 | | | | | |
| o. 15B | 3 – 0 | 1 – 3 | | | | | |
| o. 15C | | 0 – 1 | | | | | |
| o. 16A | 2 – 1 | 0 – 5 | 0 – 2 | 2 – 1 | | | 4 – 0 |
| o. 16B | 2 – 0 | 0 – 4 | 5 – 0 | | | 0 – 2 | |
| o. 16C | | 0 – 1 | | 0 – 5 | 0 – 2 | 0 – 2 | |
| 3de | | 0 – 3 | | | | | |
| 2de | 1 – 1 | 1 – 2 | 0 – 2 | | | 1 – 4 | |
| 1ste | 8 – 0 | 0 – 0 | 0 – 0 | 2 – 3 | 6 – 0 | | 3 – 2 |

### Meisieshokkie

Ons is baie trots op die volgende meisies wat in die Northens provinsiale spanne opgeneem is:

| o. 14 | o. 16 | o. 18 |
|---|---|---|
| Amelia Lubbe | Brigitte Beukes | Ashley Williams |
| Aphelele Mbatsha | | Jaden Scholtz |
| Caitlin Arendse | | Tehya Naidoo |
| | | Sande Mbatsha |

| RUGBY | | |
|---|---|---|
| Span | HTS John Vorster | Hoërskool Tuine |
| o. 14A | 33 – 0 | 69 – 5 |
| o. 14B | 19 – 0 | 15 – 7 (vs. Zwartkop C) |
| o. 15A | 25 – 5 | 41 – 0 |
| o. 15B | 18 – 13 | 13 – 33 (vs. Zwartkop C) |
| o. 16A | 5 – 12 | 23 – 0 |
| 3de | 12 – 42 | |
| 2de | 10 – 19 | 20 – 14 |
| 1ste | 92 – 0 | 59 – 7 |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en/of sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### Onderwaterhokkie

Baie geluk aan Ethan Mitchell (graad 10) wat verlede naweek sy Gauteng-kleure ontvang het. Hy het die provinsie in die o. 19A-liga by die junior nasionale kampioenskap verteenwoordig, waar die Gautengspan 'n tweede plek behaal het.

**Karate**

Maya Robberts (graad 9) het aan die Gauteng JKA-kampioenskap deelgeneem en is in die span ingesluit om aan die Pan-Afrika JKA-kampioenskap deel te neem. Baie geluk!

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST




**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 22 Junie 2023